**Die Verbond en die Inwendige Genade**

deur Herman N. Ridderbos (1909-2007)[1]

Die vernaamste Skrifgedeeltes, waarvolgens die Here aan diegene met wie Hy sy Verbond oprig, die Heilige Gees gee (dus ook inwendige genade), is reeds in die stryd rondom 1905 en 1942 baie keer aangehaal.[2]

Wanneer ek dit weer hier skryf, is dit omdat mens nooit moed moet opgee dat die duidelike taal van die Skrif uiteindelik sterker sal wees in diegene wat voor God se Woord sal buig, as wat in 'n kerklike stryd, waarin soveel persoonlike en partydighede meespreek, soms vir 'n tydlang die ore toemaak om te hoor en met die hart te verstaan.

Ek noem allereers weer **Jes. 59:21**:

> "Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die HERE: ***My Gees*** wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, ***en ook nie uit die mond van jou kroos*** en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie."

Hier word dit duidelik gestel dat die Here aan sy mense sy Gees en sy Woord belowe vir ewig en altyd, en dat dit die Verbond is wat Hy met hulle het. Dus, nie net die Woord, die verkondiging van die evangelie en die aanbieding van genade nie, maar ook die werking van die Heilige Gees, wat jou ontvanklik maak vir daardie Woord — die inwendige genade — ***vorm die inhoud van die verbondsbelofte***.

Daaruit volg dus, dat hulle wat in waarheid tot daardie Verbond behoort, nie alleen aan die Woord nie, maar ook aan die Gees van die Here deel; en dus ook, dat diegene wat wettiglike gronde tot hierdie Verbond gereken moet word, bv. ons kinders, ook geag moet word om die inhoud van daardie belofte te ontvang of te sal ontvang.

Daar moet nie hierteen beswaar gemaak word dat, "Dit geld alleen vir die bondelinge vir sover hulle die belofte van die geloof aanneem" nie,  want die belofte en die gawe van die Heilige Gees gaan die geloof in beginsel vooraf, en dit is die rykdom van hierdie Skrif: dat God hierin ook aan sy eie beloof dat Hy ook die wedergeboorte en geloof sal gee.

Dit is nie iets wat by die Verbond bygevoeg moet word nie—soos dit vandag voorgestel word nie; nee, **dit is juis die wesenlike inhoud van die Verbond**.

---

[1] Vertaal uit die Nederlands, Het Verbond en de Inwendige Genade, *Bijlage Geref. Kerkbode*, 27 Oct. 1945, aanlyn hier beskikbaar: https://bit.ly/3w3W7Az. Sien ook hier 'n geredigeerde weergawe: https://proregno.files.wordpress.com/2022/05/verbond-en-de-inwendige-genade-hn-ridderbos.pdf Beklemtonings bygevoeg.

[2] Sien die volgende artikels: Stryd en skeuring in die Nederlandse Kerke, prof. S. Du Toit; Bronne oor verbondstryd in Nederland in die eerste helfte van die 20ste eeu, S Le Cornu; Kerklike Verklarings oor die verbondstryd in Nederland; hier beskikbaar: https://proregno.com/2010/06/23/n-vriend-van-god-artikels-oor-die-genadeverbond/

Nêrens word dit duideliker gestel as in die teks wat so dikwels teen die beswaardes gebruik word nie, **Jer. 31:33**, waarmee hul verbondsleer in stryd is:

> *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*

Hierdie plek is, ook volgens die gebruik darvan deur die NT, vgl. **Matt. 26:28; Rom. 11:27; 2 Kor. 3:3; Heb. 8:8v., 10:16** is van sentrale belang vir die verstaan van die inhoud van die nuwe verbond.[3]

As die ou Sinaïtiese Verbond in wettiese, voorwaardelike vorm gekom het, blyk dit dat wie daarby staan het nog nooit die werklike en ryke van God se Verbond gepeil nie. God betoon hier om Alles in die Verbond te wees. Hy sal nie net die voorwaardes van die verbond afkondig nie, Hy sal ook sorg dat dit vervul word, want Hy sal self sy wet deur sy Gees in die hart skrywe; Hy sal dus aan diegene met wie Hy 'n Verbond oprig, die *inwendige, wedergebarende, vernuwende genade* skenk.

Hieruit kan weer geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat, elkeen, alhoewel hy gebore is binne die kring van die Verbond, nie hierdie wedergeboorte en vernuwing van die hart besit nie, geen deel het aan die Verbond, soos dit hier in sy rykste en werklike betekenis aangekondig en omskryf word.

Dieselfde word op verskeie maniere uitgespreek in die Nuwe Testament.

Baie belangrik in hierdie verband is **Gal. 3:14** ev.[4] Daar word deur Paulus geleer dat die seën wat Abraham en sy nageslag ontvang het bestaan het uit die belofte van die Gees, omdat, soos prof. Greijdanus skryf in sy kommentaar: "Die Heilige Gees bring verlossing in die gelowiges en werk hulle uit, vernuwe en reinig hulle, gee aan hulle geloof, maak hulle kinders van God."[5]

Sonder die Heilige Gees kan daar dus geen sprake van Verbond en Verbondseën wees nie. Wat die Here ook al in die verbond sal skenk, moet deur die Heilige Gees toegepas word, en sonder die gawe van daardie Gees - inwendige genade - het 'n mens geen deel aan die

---

[3] "Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes." (Mt 26:28); "en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem." (Rom. 11:27); "omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart." (2 Kor. 3:3); "Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle." (Heb 8:10–11); "want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe" (Heb 10:16)

[4] "sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons ***die belofte van die Gees*** deur die geloof kan ontvang." (Gal. 3:14)

[5] Sien 'n paar aanhalings uit Greijdanus se Romeine en Galasiërs oor die 'aard van die belofte' hier: https://proregno.files.wordpress.com/2010/06/greijdanus-oor-die-heilsbelofte.pdf

beloftes van die Genadeverbond nie, **Gal. 3:16, 29**.[6] En daarin word weer geïmpliseer dat elkeen wat ons reken tot die verbond behoort, ons ook as wedergeborene en deur die Gees in Christus geheilig beskou. Dit bring die genadeverbond mee volgens die uitdruklike stellings van die Skrif.

Dit alles word nou nie minder aan die kinders as aan die volwassenes toegesê. **Jes. 59:21** spreek met groot nadruk van hierdie "lyn van die geslagte," en in **Jer. 31:34** volg die bogenoemde aangehaalde woorde: "*want hulle sal My almal ken van die geringste van hulle af, ook die grootste van hulle almal, spreek die HERE*."[7]

En, om meer te noem, **Jes. 44:3**, waarna die Kategismus ook na die kinderdoop verwys, lui: "*Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.*"

Oral is dit dus duidelik dat die inwendige genade, die gawe van die Heilige Gees, saam die inhoud van die genadeverbond vorm, sowel vir die gelowiges as vir hulle saad.

Daarom word die Nuwe-Testamentiese kerk, op wie die verbondsbelofte oorgaan, *met haar kinders*, ook weer steeds aangespreek en beskou as die gemeenskap van diegene aan wie God nie net sy werk wil doen nie, maar dit ook gedoen het, as diegene wat daarom ook die inwendige genade deelagtig is.

Alles wat in daardie kerke van sonde, gebrek, ongeloof en afvalligheid geopenbaar is, het Paulus byvoorbeeld nie verhinder om haar so te bly aanspreek en te beskou nie. Dit is die krag en eer van die Gereformeerde Teologie, dat sy altyd teruggekeer het na hierdie diepe opvatting van Verbond en Kerk, en die uitwendige Verbondsbeskouing en die volkskerkgedagte wat daarmee saamgaan verwerp het, dat dit te kort doen aan die duidelike uitsprake van die Skrif.

---

[6] "Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus." (Gal. 3:16); "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." (Gal. 3:29).

[7] Die tweede deel van die vers: "... ***want*** Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie." (Jer. 31:34)